

HOOFSTUK I.

ALGEMEEN

1. *Woordbepaling:*

„Administrateur” beteken die Administrateur van die Gebied Suidwes-Afrika handelende in Uitvoerende Komitee.

„bepaling” beteken die salaris wat normaalweg aan 'n werknemer betaalbaar is wanneer hy op diens is en sluit in toelaes wat nie by salaris inbegrepe is nie.

„dag” beteken elke aaneenlopende tydperk van 24 uur.

„diens” beteken voltydse aaneenlopende diens by die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling.

„hoofkwartier” beteken stad, dorp of plek waar die vernaamste werk van 'n werknemer verrig word of wat deur sy afdelingshoof as sy hoofkwartier aangewys is.

„hoof van kantoor” beteken hoof van 'n werknemer se kantoor, inrigting, kamp, seksie, onderafdeling of afdeling.

„herberg” beteken slaapplek en beddegoed en sluit in etes of vloeibare verversings, uitgesonderd alkoholiese drank, of enige samestelling van hierdie items.

„kalenderjaar” beteken 'n tydperk wat strek van 1 Januarie tot 31 Desember van 'n jaar, albei datums inbegrepe.

„kalenderkwartaal” beteken 'n tydperk wat strek vanaf 1 Januarie tot 31 Maart, 1 April tot 30 Junie, 1 Julie tot 30 September en 1 Oktober tot 31 Desember van 'n jaar, in elke geval albei datums inbegrepe.

„maand” beteken 'n tydperk van 'n datum in die een maand wat tot die datum onmiddellik voor die ooreenstemmende datum in die volgende maand strek of in die geval van Februarie die laaste dag van genoemde maand indien nodig (albei datums inbegrepe).

„mediese raad” beteken 'n raad bestaande uit twee geregisteerde mediese praktisyns wat deur die Sekretaris aangestel is, en, indien die werknemer dit verlang, 'n derde lid deur hom benoem en deur die Sekretaris aangestel.

„salaris” beteken die jaarlikse basiese salaris of loon en die kontantvergoeding van enige pensioendraende voorregte wat *in natura* verskaf word.

„Sekretaris” beteken die Sekretaris van die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling of sy gevolmagtigde verteenwoordiger.

„toetreegraad” beteken die laagste graad in elke groep van werknemers van die raad.

„werknemer” beteken elke persoon in diens van die raad.

CHAPTER I.

GENERAL.

1. *Definitions:*

“Administrator” shall mean the Administrator of the Territory of South West Africa acting in Executive Committee;

“payment” shall mean the salary which is normally payable to an employee when he is on duty, and shall include allowances which are not included in his salary;

“day” shall mean every continuous period of 24 hours;

“service” shall mean full-time continuous service with the Peri-urban Development Board;

“headquarters” shall mean the town, village or place where an employee's main work is performed, or which is so designated by the head of his division;

“head of office” shall mean the head of an employee's office, institution, camp, section, sub-division or division;

“accommodation” shall mean sleeping accommodation and bedding, and shall include meals or liquid refreshments, except alcoholic drinks, or any combination of these items;

“calendar year” shall mean a period extending from 1 January to 31 December of any year, both dates inclusive;

“calendar quarter” shall mean a period extending from 1 January to 31 March, 1 April to 30 June, 1 July to 30 September and 1 October to 31 December of any year, both dates in each case to be inclusive;

“month” shall mean a period from a date in one month extending to the date immediately preceding the corresponding date in the next month, or, in the case of February, the last day of this month if necessary (both dates inclusive);

“medical board” shall mean a board consisting of two registered medical practitioners appointed by the Secretary, and, where the employee desires it, a third member nominated by him and appointed by the Secretary;

“salary” shall mean the annual basic salary or wages and the cash compensation for any pensionable privilege provided in kind;

“Secretary” shall mean the Secretary of the Peri-urban Development Board or his authorised representative;

“school quarter” shall mean the quarter as fixed by the Director of Education;

“entry grade” shall mean the lowest grade in each group of employees of the Board;

“employee” shall mean a person in the service of the Board.

2. ALGEMEEN

(1) Die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasies is 14 Desember 1970.

(2) *Buitengewone gevalle.*

As daar enige omstandighede ontstaan waarvoor geen voorsiening in hierdie regulasies gemaak is nie, kan die geval aan die Sekretaris voorgelê word vir beslissing deur die raad.

3. *Bepaling, Indeling en Rangskikking van poste.*

(1) Die personeel in diens van die raad word in die volgende afdelings ingedeel:

- (a) Vakkundige afdeling.
- (b) Administratiewe afdeling.
- (c) klerklike afdeling.
- (d) Tegnieese afdeling.
- (e) Algemene afdeling.
- (f) Nie-geklassifiseerde afdeling (blank en nie-blank).
- (g) Verpleegafdeling.

Bogenoemde afdelings omvat alle werknemers wie se betrekking of poste deur die raad gelas is om in dié afdelings opgeneem te word.

(2) Die raad is bevoeg om te gelas dat 'n betrekking of pos wat in een van die afdelings is, daaruit geneem word en in 'n ander afdeling opgeneem word.

(3) Die Sekretaris bepaal die sterkte van die diensstaat in elke afdeling van die raad.

4. *Mededelings aan die Sekretaris of Afdelingshoof.*

(1) Alle mededelings van onderafdelings, kantore of seksies bestem vir die Sekretaris moet deur bemiddeling van die afdelingshoof aan die Sekretaris gerig word.

(2) 'n Werknemer is geregtig om iets wat hy wil voorstel aan die Sekretaris voor te lê, mits dit deur die daarvoor aangewese kommunikasiekanaal geskied.

5. *Pligte van Hoofde van Kantore.*

(1) Die hoof van 'n kantoor is verantwoordelik vir dienstug, doeltreffende en spaarsame administrasie en vir die behoorlike gebruik en versorging van die raad se eiendom wat onder sy beheer is en 'n werknemer wat gesag voer oor 'n tak, kantoor of inrigting is teenoor die hoof van sy afdeling verantwoordelik vir die behoorlike bestuur, dienstug en doeltreffendheid van die diens wat onder sy toesig is.

(2) Elke werknemer moet die eiendom van die raad na behore gebruik en die opdragte wat van tyd tot tyd aangaande die gebruik van sodanige eiendom uitgevaardig word, stiptelik nakom en mag sodanige eiendom nie aanwend vir 'n ander doel as dié waarvoor dit bestem is nie.

(3) Elke werknemer is verantwoordelik vir alle uitrusting, gereedskap en ander eiendom van die raad wat omrede sy bekleding van 'n bepaalde betrekking onder sy toesig geplaas is.

6. *Inspeksie van Kantore, Inrigtings of Afdelings van die raad.*

Die Sekretaris kan te eniger tyd 'n persoon aanwys om enige kantoor, inrigting of afdeling te inspekteer en verslag te doen oor wat hy bevind het.

2. *General.*

(1) The date of commencement of these regulations shall be 14 December, 1970.

(2) *Special Cases.*

If circumstances should arise for which no provision is made in these regulations, the matter may be submitted to the Secretary for a decision by the Board.

3. *Definition, Classification and Arrangement of Posts.*

(1) The staff in the service of the Board shall be divided into the following sections:

- (a) Professional division.
- (b) Administrative division.
- (c) clerical division.
- (d) Technical division.
- (e) General division.
- (f) Non-classified division (white and non-white).
- (g) Nursing division.

The above-mentioned divisions include all employees whose posts fall within these divisions as directed by the Board.

(2) The Board may direct that any posts in any division shall be transferred from that division to another.

(3) The Secretary shall determine the strength of the establishment in each division of the Board.

4. *Communications to Secretary or Head of Division.*

(1) All communications from sub-divisions, offices or sections intended for the Secretary shall be addressed to the Secretary through the head of the division concerned.

(2) An employee shall have the right to submit any proposal made by him to the Secretary, provided such submission is made through the appropriate channels of communication.

5. *Duties of Heads of Offices.*

(1) The head of an office shall be responsible for discipline, efficient and economic administration, and for the proper use and care of the Board's property under his control, and any employee in charge of a division, office or institution shall be responsible to the head of his division for the proper management discipline and efficiency of the service under his charge.

(2) Each employee shall use the property of the Board properly and shall strictly observe the instructions issued from time to time as regards the use of such property and shall not use such property for a purpose other than that for which it is intended.

(3) Each employee shall be responsible for all equipment, implements and other property of the Board which have been placed in his charge by virtue of his occupation of a particular post.

6. *Inspection of Offices, Institutions or Divisions of the Board.*

The Secretary may at any time designate a person to inspect any office, institution or division and to report on what he found.

7. Verrigting van besoldigde Werk buite die Diens van die Raad.

Geen werknemer mag sonder die voorafverskreë goedkeuring van die raad of aanbeveling van die Sekretaris besoldigde werk buite die diens van die raad verrig nie

8. Gehoorsaamheid aan Opdragte.

'n Werknemer moet enige wettige opdrag van 'n daartoe gemagtigde persoon onvoorwaardelik uitvoer. As so 'n werknemer enige beswaar teen sodanige opdrag het, is hy, voor uitvoering van die opdrag, op 'n SKRIFTELIKE herhaling van die opdrag deur die betrokke persoon geregig.

9. Verstrekking van persoonlike Inligting.

Elke werknemer moet sy hoof skriftelik van die volgende in kennis stel en van enige verandering wat teen opsigte daarvan plaasvind —

1. Woonadres
2. Huwelikstaat
3. Ouderdom, getal en verwantskap van afhanklikes, en
4. Adres van verblyf gedurende verloftydperk.

10. Toewyding aan Diens.

(1) Gedurende diensure moet 'n werknemer hom met die werk van sy diens besig hou en mag hy nie sy aandag aan private aangeleenthede wy nie.

(2) Geen werknemer mag sonder die toestemming van die hoof van sy kantoor gedurende diensure sy werk verlaat om private besigheid te verrig nie.

11. Laatkom en Ongereeldheid.

As 'n werknemer in die gewoonte raak om laat te kom of gedurende die voorgeskrewe ure nie gereeld op diens is nie, is hy skuldig aan 'n oortreding van hierdie regulasies.

12. Private geldelike Transaksies.

Vir skikkingsdoeleindes mag 'n werknemer nie medepligtig wees aan enige vorm van skuldbewys nie: Met dien verstande dat die Sekretaris skriftelike toestemming daartoe kan verleen dat daar van die bepalings van hierdie regulasies afgewyk word as hy hom deur ondersoek oortuig het dat die voorgenome transaksie aangaan word om aanneemlike redes wat niks met spekulasie, dobbelary of enige onbehoorlike handeling wat die betrokke werknemer in geldelike moeilikheid kan laat kom, te doen het nie: Met dien verstande verder dat sodanige toestemming nie ten opsigte van 'n transaksie tussen twee werknemers verleen mag word nie.

13. Leen van Geld by Ondergeskiktes.

Onder geen omstandighede mag 'n werknemer geld leen van 'n ondergeskikte nie.

14. Regsvordering weens Skuld.

(1) Die Griffier en Weesheer van die Hooggeregshof van S.W.A. en landdroste moet maandeliks by uitreiking van dagvaardings weens skuld of gyseling of vonnis of insolvensiegedinge teen enige werknemer die feit aan die Sekretaris rapporteer met verstrekking van volledige besonderhede.

(2) Die Sekretaris kan van 'n werknemer verlang om 'n verduideliking te verstrek oor enige dagvaarding,

7. Performance of Remunerative Work outside the Service of the Board.

No employee may perform any remunerative work outside the service of the Board without the prior approval of the Board granted on the recommendation of the Secretary.

8. Obedience to Instructions.

Every employee shall obey implicitly any lawful instructions given to him by any person duly authorised to give such instruction. If any such employee has any objection to any such instruction, he shall before the execution of the instruction be entitled to have the instruction repeated IN WRITING by the person concerned.

9. Giving of Personal Information.

Each employee shall give his head the following information in writing and likewise notify him of any change that may occur in respect of it:

- (i) Residential address;
- (ii) marital state;
- (iii) age, number and relationship of dependants; and
- (iv) address of dwelling place during period of leave.

10. Devotion to Duty.

(1) During the hours of attendance an employee shall devote himself to the discharge of his duties and shall not allow his attention to be engaged on private affairs.

(2) No employee shall leave his office on private business during the hours of attendance except with the permission of the head of his office.

11. Unpunctuality and Irregularity.

An employee who develops habits of unpunctuality or irregularity in his attendance during the prescribed hours shall be guilty of a contravention of these regulations.

12. Private Financial Transaction.

An employee shall not become a party to any form of promissory note for compromising purposes: Provided that the Secretary may give his written consent to a departure from the provisions of this regulation if he has satisfied himself by investigation that the proposed transaction is being entered into for acceptable reasons not connected with speculation, gambling or any other improper dealing which may lead to the pecuniary embarrassment of the employee concerned: Provided further that such consent shall not be given in respect of a transaction between two employees.

13. Borrowing Money from Subordinates.

Under no circumstances shall an employee borrow money from any subordinate.

14. Legal Proceedings for Debt.

(1) The Registrar and Master of the Supreme Court of South West Africa and magistrates shall, every month upon the issue of process for debt or civil imprisonment or of any judgments or insolvency proceedings against any employee, report the fact to the Secretary with full particulars.

(2) The Secretary may require an employee to give an explanation of any process, civil imprisonment or

yseling of vonnis vir skuld. Van hom kan ook verlang word om 'n staat van sy skuld voor te lê en om te verlaar hoe die skuld aangegaan is en hoe hy voornemens is om dit te vereffen. Indien 'n werknemer weier of veruim om so 'n staat voor te lê of 'n onjuiste staat voor te lê, wetende dat dit onjuis is, is hy skuldig aan 'n oortreding van hierdie regulasies.

15. *Aanneem van Geskenke, Kommissie, Geld of Beloning.*

(1) 'n Werknemer mag nie sonder die toestemming van die Sekretaris of, in die geval van die Sekretaris, onder die toestemming van die raad 'n geskenk, geld of anders, aanneem wat hom deur 'n lid van die publiek aangebied word uit hoofde daarvan dat hy 'n beaalde amp of pos in diens van die raad beklee of beklee het nie.

(2) 'n Werknemer mag nie sonder die toestemming van die Sekretaris enige kommissie, geld of beloning, eldelik of andersins (wat nie die emolumente is wat en opsigte van sy pligte aan hom betaalbaar is nie) aanneem of dit eis ten opsigte van die uitvoering van sy pligte of die versuim om sy pligte uit te voer, of versuim aan die Sekretaris die aanbod van so 'n kommissie, geld of beloning te rapporteer nie.

16. *Beantwoording van Vrae*

Indien 'n daartoe gemagtigde persoon 'n werknemer 'n regmatige vraag vra betreffende enige amptelike saak, moet hy gereedelik daarop antwoord en indien hy or inligting of kennis van die betrokke saak beskik en oornoemde persoon hom versoek om sodanige inligting of kennis aan hom te verstrek, moet hy dit gereedelik doen.

17. *Strafregtelike Vervolging.*

As 'n werknemer vrygespreek word van 'n strafregtelike aanklag, is hy nie om die rede vrygestel van 'n oortreding van wangedrag van wangedrag ingevolge hierdie regulasies nie.

18. *'n Werknemer wat van Wangedrag aangekla word, moet op sy Pos bly.*

'n Werknemer wat van wangedrag aangekla word moet op sy pos bly tensy toestemming andersins deur die Sekretaris gegee is.

19. *Aanneem van Nominasie vir die Parlement, Provinsiale Raad, ens.*

(1) As 'n werknemer 'n nominasie of rekwisisie aanvaar as kandidaat vir verkiesing tot lid van die Parlement, van enige provinsiale raad, die Wetgewende Vergadering, afdelingsraad, stadsraad, munisipale raad, dorpsbestuur, gesondheidskomitee of plaaslike bestuur, moet hy geag vrywillig uit die diens te getree het met inagting van die datum waarop hy sodanige nominasie of rekwisisie aanvaar het.

(2) Ondanks die bepalinge van subregulasie (1) in 'n werknemer —

(a) wat onmiddellik voor die datum van inwerking-treding van hierdie regulasie 'n lid was van 'n afdelingsraad, stadsraad, munisipale raad, dorpsbestuur, gesondheidskomitee of plaaslike bestuur, lid van sodanige raad, komitee of bestuur bly vir die onverstreke gedeelte van die termyn waarvoor hy verkies is;

(b) met die toestemming van die raad aanstelling aanvaar en diens doen as lid van 'n afdelingsraad,

judgment for debt. He may also be required to submit a statement of his debts and to explain how he incurred them and how he intends to pay them. If an employee refuses or neglects to submit such a statement, or submits an incorrect statement, knowing it to be incorrect, he shall be guilty of a contravention of these regulations.

15. *Acceptance of Gifts, Commission, Money or Reward.*

(1) An employee shall not accept without the permission of the Secretary or in the case of the Secretary, without the permission of the Board a gift, pecuniary or otherwise, offered to him by a member of the public by reason of his occupying or having occupied a particular office or post in the service of the Board.

(2) An employee shall not without the permission of the Secretary accept or demand in respect of the carrying out of, or the failure to carry out, his duties, any commission, fee or reward, pecuniary or otherwise (not being the emoluments payable to him in respect of his duties) and shall not fail to report to the Secretary the offer of such commission, fee or reward.

16. *The Answering of Questions.*

Should any person authorised thereto put a legitimate question to an employee relating to any official matter, the said employee shall readily reply thereto, and should he have information relating to, or knowledge of the matter concerned at his disposal and the aforesaid person requests him to furnish him with such information or knowledge, he shall do so readily.

17. *Criminal Proceedings*

An employee acquitted of a criminal charge shall not thereby be rendered exempt from any charge of misconduct under these regulations.

18. *Employee charged with Misconduct to remain at his Station.*

An employee who has been charged with misconduct shall remain at his station unless he has been given permission by the Secretary to do otherwise.

19. *Acceptance for Nomination for Parliament, Provincial Council, etc.*

(1) If an employee accepts a nomination or requisition as candidate for election as member of Parliament, of any provincial council, the Legislative Assembly, divisional council, city council, municipal council, village management board, health committee or local authority, he shall be deemed to have voluntarily retired from the service with effect from the date on which he accepted such nomination or requisition.

(2) Notwithstanding the provisions of subregulation (1) an employee —

(a) who, immediately prior to the date of the coming into operation of this regulation, was a member of a divisional council, city council, municipal council, village management board, health committee or local authority, may remain a member of such council, committee or authority for the unexpired portion of the period for which he was elected;

(b) may with the permission of the Board accept an appointment and serve as a member of a division-

stadsraad, munisipale raad, dorpsbestuur, gesondheidskomitee of plaaslike bestuur, mits sodanige aanstelling nie as gevolg van die aanvaarding van 'n nominasie of rekwisisie as kandidaat vir verkiesing plaasvind nie, en mits die raad oortuig is dat daar nie inbreuk op die werknemer se amppligte gemaak sal word nie.

(3) As 'n geskil ontstaan tussen die raad en 'n in subregulasie (2) bedoelde raad, komitee of bestuur, mag 'n werknemer wat lid is van sodanige raad, komitee of bestuur nie aan die bespreking of stemming oor daardie geskilpunt deelneem nie.

20. *Waarneming in hoër of laer Betrekkings.*

Die Sekretaris is bevoeg om enige werknemer opdrag te gee om 'n hoër of laer betrekking as dié wat die betrokke werknemer beklee, tydelik waar te neem of enige ander werk wat nie in verband met sy betrekking staan nie maar wat hy bevoeg is om te doen, tydelik te verrig.

21. *Delegasie van Magte.*

Die raad en die Sekretaris is gemagtig om alle of enigeen van die bevoeghede aan hulle by hierdie regulasies verleen of aan die Sekretaris gedelegeer, te deleger aan sodanige werknemer van die raad wat hulle bepaal, onderworpe aan die voorwaardes wat hulle stel. 'n Afdelingshoof kan magte wat aan hom afgestaan is, verder deleger met die vooraf verkreeë goedkeuring van die raad of die Sekretaris.

22. *Byhou van Diensstaat.*

As die Sekretaris dit verlang, moet 'n afdelingshoof 'n diensstaat ten opsigte van elke pos onder sy beheer en 'n persoonlike rekord ten opsigte van elke werknemer in sy afdeling, op 'n vorm, wyse en plek soos deur die Sekretaris voorgeskryf of goedgekeur, byhou.

23. *Afwykinge in Tyd van Oorlog of Landsnood.*

As daar 'n toestand van oorlog of landsnood ontstaan kan die raad 'n afwyking van die bepalinge van hierdie regulasies aanbeveel, hetsy in die algemeen of ten opsigte van 'n besondere werknemer of persoon of klasse werknemers of persone.

HOOFSTUK II

AANSTELLINGS EN AANSTELLINGS- VOORWAARDES.

24. *Aanstellings.*

(1) Die aanstelling van 'n werknemer berus by die raad.

(2) Die raad kan goedkeuring verleen vir die aanstelling van 'n werknemer in 'n pos wat nie 'n toetree-rang is nie, indien die pos nie bevredigend deur oorplasing of bevordering gevul kan word nie.

(3) Dit word van elke werknemer verwag om voor sy aanstelling 'n aansoekvorm soos voorgeskryf deur die Sekretaris in te vul.

25. *Vereistes vir Aanstelling.*

(1) Tensy deur die Administrateur goedgekeur, mag geen werknemer aangestel word wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie.

al council, city council, municipal council, village management board, health committee or local authority, provided such appointment does not take place as a result of the acceptance of a nomination or requisition as candidate for election, and provided the Board is satisfied that there will be no interference with the employee's official duties.

(3) Should a question arise between the Board and a council, committee or authority mentioned in subregulation (2), an employee who is a member of such council, committee or authority shall not take part in the discussion or give any vote on that question.

20. *Acting in higher or lower Posts.*

(1) The Secretary may instruct any employee to act temporarily in a higher or lower post than that occupied by the employee concerned or to perform temporarily any work not related to his post but of which he is capable.

21. *Delegation of Powers.*

The Board and the Secretary are empowered to delegate all or any of the powers conferred upon them by these regulations or delegated to the Secretary, to such employee of the Board as they may decide, subject to such conditions as they may determine. The head of a division may further delegate powers delegated to him subject to the prior approval of the Board or the Secretary.

22. *Establishment Record to be kept.*

Whenever the Secretary requires it, any head of a division shall keep an establishment record in respect of every post under his control and a personal record in respect of each employee in his division, in a form, manner and place as prescribed or approved by the Secretary.

23. *Departures in Time of War or National Emergency.*

If a state of war or national emergency arises the Board may recommend a departure from the provisions of these regulations either in general or in respect of a particular employee or person or class of employees or persons.

CHAPTER II.

APPOINTMENTS AND CONDITIONS OF APPOINTMENT.

24. *Appointments.*

(1) The appointment of an employee vests in the Board.

(2) The Board may approve the appointment of an employee to a post not in the entry grade, if such post cannot be satisfactorily filled by transfer or promotion.

(3) Every employee shall be expected to complete an application form as prescribed by the Secretary, before he is appointed.

25. *Requirements for Appointment.*

(1) Unless approval is obtained from the Administrator no employee shall be appointed who is not a South African citizen.

(2) Tensy deur die raad goedgekeur, mag geen werknemer aangestel word tensy hy minstens 15 jaar maar nie ouer as 55 jaar is nie.

(3) Dit kan van enige werknemer verwag word om 'n geneeskundige sertifikaat voor te lê op 'n vorm soos deur die Sekretaris voorgeskryf, wat deur 'n distriksgeneesheer of ander mediese beampte van die staat ingevul is, om aan te toon of die werknemer aan enige geestes- of liggaamlike gebrek, siekte of swaakteit ly wat die eërbare vervulling van sy pligte kan belemmer. Soanige gesondheidsertifikaat word in die geval van blanke werknemers, deur die Sekretaris goedgekeur en, in die geval van nie-blankes deur die afdelingshoof.

(4) Geen werknemer word in die pos van 'n erkende werknemer aangestel nie, tensy hy, benewens voldoening aan oormelde vereistes, in besit is van 'n ambags- of gekwaardige sertifikaat of minstens vyf jaar toepaslike ondervinding het.

(5) Dit kan van enige werknemer verwag word om bevredigende bewys van sy geboortedatum en sy hoogste geneeskundige sertifikaat voor te lê.

(6) Dit kan van 'n nie-blanke werknemer verwag word om bevredigende bewys van sy geboortedatum voor te lê.

26. *Aanstellings op Proef.*

(1) Die aanstelling van werknemers kan op proef geskied.

(2) 'n Proefaanstelling word nie bekragtig nie tensy die hoof van die kantoor waar die werknemer diens doen, verklaar dat sodanige werknemer gedurende die proef-tydperk ywerig was, dat sy gedrag voortdurend bevredigend was en dat hy in alle opsigte geskik is vir die bekragtiging van sy aanstelling.

(3) Ten opsigte van alle aanstellings wat op proef geskied langer as ses maande geskied, moet kwartaalike voorleesingsverslae, op 'n vorm soos deur die Sekretaris voorgeskryf, deur die hoof van die kantoor voorgelê word.

(4) 'n Aanstelling op proef kan sonder opgaaf van die rede beëindig word voor afloop van die proef-tydperk deur een maand kennisgewing van diensbeëindiging aan die werknemer te gee: Met dien verstande dat 'n proefaanstelling sonder kennisgewing beëindig kan word indien die gedrag van die werknemer onbevredigend is.

(5) Die bevordering van 'n werknemer tot 'n hoër pos kan op proef geskied vir 'n tydperk van minstens drie maande en hoogstens twee jaar: Met dien verstande dat as hy aan die einde van sodanige proef-tydperk nie in 'n hoër betrekking behou word nie, hy na sy vroeëre pos terugverplaas kan word.

27. *Geneeskundige Ondersoek tydens Dienstyl.*

(1) Indien die Sekretaris of die hoof van die afdeling dit nodig ag, kan hy te eniger tyd van 'n werknemer vereis dat hy hom aan ondersoek deur 'n geregistreerde geneesheer of mediese raad deur die Sekretaris of hoof van die afdeling aangewys, onderwerp.

(2) Wanneer die Sekretaris of hoof van 'n afdeling dit nodig vind, en tensy dit strydig is met die bepalings van die Ongevalwet 1914, soos gewysig, om die gesondheidsstoestand van 'n werknemer vas te stel, kan hy op 'n beveling van, en in samewerking met, die Direkteur van Gesondheidsdienste, 'n mediese raad saamstel om die werknemer te ondersoek en verslag te doen. Die beoogde werknemer kan 'n geneesheer inroep om by die ondersoek te wees en desgeliks verslag te doen: Met

(2) Unless approval is obtained from the Board, no employee shall be appointed unless he is at least fifteen years old and not older than 55 years.

(3) Any employee may be required to submit a medical certificate on a form prescribed by the Secretary, which form shall be completed by a district surgeon or other medical officer of the State to show whether the employee is suffering from any mental or physical deficiency, illness or weakness which may hinder him in the performance of his duties. Such medical certificate shall be accepted or rejected in the case of white employees by the Secretary, and in the case of non-whites, by the head of the division concerned.

(4) No employee shall be appointed to a post in a recognised trade, unless he, in addition to complying with the above-mentioned requirements, is in possession of an artisan's or equivalent certificate or has had at least five years' appropriate experience.

(5) Any employee may be required to submit satisfactory proof of his date of birth and his highest educational certificate.

(6) A non-white employee may be required to submit satisfactory proof of his date of birth.

26. *Appointments on Probation.*

(1) The appointment of employees may be on probation.

(2) An appointment on probation shall not be confirmed unless the head of the office in which the employee is serving, has declared that such employee has during his probationary period performed his work diligently, that his conduct was continuously satisfactory and that he is in all respects suitable for the confirmation of his appointment.

(3) Quarterly progress reports in respect of all appointments on probation lasting longer than six months shall be submitted by the head of the office on a form prescribed by the Secretary.

(4) An appointment on probation may be terminated before expiry of the probationary period without stating reasons by giving the employee one month's notice of termination of appointment: Provided that an appointment on probation may be terminated without notice if the conduct of the employee is unsatisfactory.

(5) The promotion of an employee to a higher post may be on probation for a period of at least three months but not more than two years: Provided that if at the end of any such probationary period he is not retained in the higher post he may be reinstated in his previous post.

27. *Medical Examination during Period of Service.*

(1) The Secretary or the head of the division may at any time when he deems it necessary require an employee to submit to a medical examination by a registered medical practitioner or a medical board designated by the Secretary or the head of the division.

(2) Except where it is inconsistent with the provisions of the Workmen's Compensation Act, 1941, as amended, the Secretary or the head of a division may, when he deems it necessary to determine the condition of health of an employee, appoint, on the recommendation of, and in conjunction with the Director of Health Services, a medical board to examine the employee and to report on such examination. The employee concerned may call in a medical practitioner to be present at the

dien verstande dat die gelde betaalbaar aan sodanige geneesheer deur die werknemer betaal moet word.

(3) Behalwe soos anders in hierdie regulasie bepaal, is alle verpleegpersoneel en nie-blanke werknemers geregtig op mediese behandeling, op koste van die raad, in staatshospitale en staatsondersteunde mediese inrigtings.

28. *Bevorderings.*

(1) Bevordering in die verskeie afdelings van die raad berus by die raad.

(2) Geen werknemer het die reg om bevordering tot 'n hoër rang te eis nie en bevorderings geskied na gelang van die vereistes van die diens.

(3) Die raad is bevoeg om die vereistes en procedure vir bevordering tot enige rang, as daar is te bepaal.

29. *Opleiding.*

Die hoof van 'n afdeling is bevoeg om van tyd tot tyd die reëlings te tref wat hy nodig en doenlik vind vir die opleiding van werknemers. Geen werknemer het die reg om in sy diens opleiding in enige of 'n bepaalde rigting te eis nie maar opleiding geskied al na gelang van die vereistes van die diens.

30. *Kennisgewing van Diensbeëindiging.*

(1) Iedere werknemer moet minstens dertig dae voor sy voorgenome uitdienstreding aan die Sekretaris kennis gee van sodanige uitdienstreding: Met dien verstande dat die Sekretaris na goeëdunde kennisgewing van bedanking van korter as dertig dae kan aanvaar.

(2) Die salaris van 'n werknemer wat bedank het of wie se diens om enige rede beëindig word, word betaal tot die laaste dag waarop hy diens gedoen het: Met dien verstande dat aan 'n werknemer wat sy bedanking uit die diens van die raad indien deur minstens een kalendermaand kennis te gee (d.w.s. kennis wat nie later as die eerste werkdag van enige kalendermaand gegee word om diens aan die end van die maand te beëindig) salaris vir die volle kalendermaand betaal word onverskillig of dit op 'n Sondag of openbare vakansiedag eindig al dan nie, openbare vakansiedae, al na die geval, betaal word en mits hy ook in diens tot en met die laaste werkdag van mits hy ook in diens bly tot en met die laaste werkdag van die maand.

(3) 'n Werknemer wat sonder die verlof van sy afdelingshoof of hoof van sy kantoor of inrigting, vir 'n tydperk van meer as een kalendermaand van sy ampspligte wegbly, word geag weens wangedrag uit die raad se diens ontslaan te gewees het met ingang van die datum wat onmiddellik volg op die laaste dag waarop hy op sy plek van diens teenwoordig was: Met dien verstande dat as so 'n werknemer ander werk aanvaar hy geag word ontslaan te gewees het soos voormeld, niesteenstaande dat die bedoelde tydperk nog nie verstryk het nie: Met dien verstande voorts dat as so 'n werknemer hom te eniger tyd na die verstryking van bedoelde tydperk vir diens aanmeld, die raad ondanks andersluidende bepalinge in hierdie regulasies, kan goedkeur dat hy in diens van die raad in sy vorige of enige ander pos of betrekking herstel word op die voorwaardes wat die raad goedkeur, en in so 'n geval word die tydperk van sy afwesigheid van sy ampspligte beskou as afwesigheid met vakansieverlof sonder besoldiging, of verlof op die voorwaardes wat die raad goedkeur.

examination and to report likewise, provided that the costs payable to such medical practitioner shall be paid by the employee.

(3) Except where otherwise provided for in this regulation, all nursing staff and non-white employees shall be entitled to free medical treatment in state hospitals and state-aided medical institutions at the expense of the Board.

28. *Promotions*

(1) Promotions in the various divisions of the Board shall vest in the Board.

(2) No employee shall have the right to claim promotion to a higher rank and promotions shall take place in accordance with the exigencies of the service.

(3) The Board shall be competent to determine the requirements and procedure for promotion to any rank, if any.

29. *Training*

The head of a division shall be competent from time to time to take the measures which he considers necessary and feasible for the training of employees. No employee shall have the right to demand training in any or a definite direction in his service, but training shall be in accordance with the exigencies of the service.

30. *Notice of Termination of Service*

(1) Every employee shall notify the Secretary of his intention to resign not less than thirty days prior to such resignation: Provided that the Secretary may at his discretion accept notice of resignation of less than thirty days.

(2) The salary of an employee who has resigned or whose services, for any reason whatsoever, have been terminated, shall be paid up to the last day of his attendance: Provided that salary for the full calendar month shall be paid to an employee who has resigned from the service of the Board by giving at least one calendar month's notice (that is, notice handed in at the latest on the first working day of any calendar month to take effect at the end of that month) whether that month ends on a Sunday or public holiday or not, provided that such employee shall normally be paid for such Sunday or public holiday, as the case may be, and provided further that he remains in service up to, and including, the last working day of that month.

(3) An employee who absents himself from his official duties without permission of the head of his division, office or institution for a period exceeding one calendar month shall be deemed to have been discharged from the employ of the Board on account of misconduct with effect from the date immediately succeeding his last day of attendance at his place of duty: Provided that if such employee assumes other employment he shall be deemed to have been discharged as aforesaid notwithstanding that the said period has not expired: Provided further that if such employee reports for duty at any time after the expiry of the said period the Board may, notwithstanding anything to the contrary contained in these regulations, approve that he be reinstated in the employ of the Board in his former or any other post or appointment on such conditions as the Board may approve, and in that event the period of his absence from official duty shall be deemed to have been absence on vacation leave without pay or leave on such conditions as the Board may approve.

31. (a) *Kontrakwerknemers.*

'n Werknemer wat onder 'n bepaalde kontrak in diens geneem word, word aangestel volgens die diensvoorwaardes en besoldig volgens die salaris en salarisskaal soos in die kontrak bepaal word.

(b) *Tydlike Werknemers.*

Nieteenstaande enige bepaling in hierdie hoofstuk, kan 'n werknemer met goedkeuring van die raad in 'n tydelike hoedanigheid in 'n vakante pos in diens geneem word. Die besoldiging en diensvoorwaardes van sodanige tydelike werknemer word deur die raad voorgeskryf.

(c) *Vakleerlinge.*

Hierdie regulasie is, tensy strydig met die bepalinge van die Vakleerlinge-ordonnansie, van toepassing op 'n werknemer wat 'n vakleerling is.

(d) *Deeltydse werknemers.*

Die besondere diensvoorwaardes (as daar is) en salarisse van deeltydse werknemers word deur die raad bepaal.

HOOFSTUK III

SALARISSE.

32. Die salarisskaal verbonde aan poste van werknemers word van tyd tot tyd deur die raad bepaal en is onderhewig aan goedkeuring deur die Administrateur.

33. *Hoër Aanvangsalarisse en Maksimum Salarisse.*

(1) Die raad kan goedkeuring verleen dat by sekere kantore of inrigtings aanvangsalarisse, hoër as die minimum van die toepaslike salarisskaal, aan sekere werknemers betaal word.

(2) In gevalle waar die raad aan die Sekretaris magtiging verleen om, as spesiale werwingsmaatreël, aanvangsalarisse hoër as die minimum van die toepaslike skaal te betaal, kan die raad 'n maksimum aanvangsalaris bepaal.

34. *Rantsoene.*

Geen rantsoen word aan enige werknemer as deel van sy besoldiging verskaf nie tensy sodanige verskaffing uitdruklik deur die werknemer se indiensnemingskontrak bepaal word.

35. *Inwoning en losies.*

(1) Elke werknemer wat 'n gemeubileerde kamer, wat die eiendom van die raad is, bewoon, betaal die huurgeld wat die raad daarvoor bepaal.

(2) Die bedrae ten opsigte van kamerhuur soos in subregulasie (1) bepaal, is ook gedurende tydperke van afwesigheid met verlof betaalbaar.

(3) Alle Bantoemans en -vrouens, wat met goedkeuring van die raad van rantsoene voorsien word, betaal die bedrag wat die raad bepaal.

36. *Betaaldatum.*

Die salarissate van werknemers in alle afdelings sluit op die 25ste dag van elke maand en strek oor die tydperk van die 26ste van 'n maand tot en met die 25ste van die volgende maand: Met dien verstande dat die Sekretaris 'n uitsondering op hierdie regulasie kan goedkeur.

31. (a) *Employees under Contract.*

An employee appointed under a specific contract shall be appointed subject to the conditions of service and on the salary scale and salary provided for in the contract.

(b) *Temporary Employees.*

Notwithstanding anything contained in this chapter an employee may be appointed temporarily in a vacant post with the approval of the Board. The remuneration and conditions of service of such temporary employee shall be prescribed by the Board.

(c) *Apprentices.*

Except where it is inconsistent with the provisions of the Apprenticeship Ordinance, this regulation shall apply to an employee who is an apprentice.

(e) *Part-time Employees*

The special conditions of service (if any) and salaries of part-time employees shall be determined by the Board.

CHAPTER III.

SALARIES.

32. The salary scales attaching to employees' posts shall be determined by the Board from time to time and shall be subject to approval by the Administrator.

33. *Higher initial Salaries and Maximum Salaries.*

(1) The Board may grant approval for the payment to certain employees in particular offices or institutions of initial salaries which are higher than the minimum of the appropriate salary scale.

(2) In cases where the Board grants authority to the Secretary to pay initial salaries which are higher than the minimum of the appropriate scale as a special recruiting measure, the Board may determine a maximum initial salary.

34. *Rations.*

No employee shall be provided with rations as part of his remuneration, unless the employee's contract of employment expressly stipulates such provisions.

35. *Board and Lodging.*

(1) Every employee who occupies a furnished room which is the property of the Board shall pay such rental as the Board may prescribe.

(2) The amounts payable in respect of room rental as provided in subregulation (1) shall also be payable during periods of absence with leave.

(3) All Bantu men and women, who receive rations with the approval of the Board shall pay such amount as the Board may determine.

36. *Date of Payment.*

The salary statements of employees in all the divisions shall be completed on the 25th day of every month and shall include the period from the 26th day of a month to the 25th day of the next month, both days inclusive: Provided that the Secretary may approve any deviation from this regulation.

37. *Salarisverhogings.*

(1) Behoudens die bepalings van subregulasie (2) word die salaris van 'n werknemer verhoog met een salarisverhoging binne die perke van die skaal wat op hom van toepassing is, na die voltooiing van elke salarisverhogingstydperk en wel met ingang van die eerste dag van sodanige werknemer se verhogingsmaand.

(2) As die hoof van die kantoor 'n sertifikaat uitreik waarin verklaar word dat 'n werknemer se gedrag met betrekking tot ywer, dissipline, presiesheid op tyd of matigheid gedurende 'n salarisverhogingstydperk nie deurgaans bevredigend was nie of dat hy sy werk gedurende sodanige salarisverhogingstydperk nie deurgaans op 'n bevredigende wyse verrig het nie, word die salaris van sodanige werknemer nie kragtens die bepalings van subregulasie (1) verhoog nie: Met dien verstande dat die Sekretaris na goeddunke kan goedkeur dat die salaris van 'n werknemer kragtens die bepalings van subregulasie (1) verhoog word nieteenstaande dat 'n sertifikaat soos in hierdie subregulasie bedoel, uitgereik is.

(3) Indien die salaris van 'n werknemer nie kragtens die bepalings van subregulasie (1) of van die voorbehoudsbepaling by subregulasie (2) verhoog word nie vanweë die uitreiking van 'n in subregulasie (2) bedoelde sertifikaat, word sodanige werknemer deur die Sekretaris skriftelik verwittig van die redes daarvoor asook dat by verstryking van 'n aaneenlopende tydperk wat aangedui moet word en wat nie langer as 'n salarisverhogingstydperk is nie, 'n salarisverhoging deur die Sekretaris toegeken kan word op voorwaarde dat 'n sertifikaat deur die hoof van die kantoor uitgereik word waarin verklaar word dat die werknemer se werkverrigting en gedrag met betrekking tot die in subregulasie (2) bedoelde eienskappe gedurende sodanige tydperk bevredigend was.

(4) (a) Indien die in subregulasie (3) bedoelde tydperk korter is as 'n salarisverhogingstydperk, word een salarisverhoging deur die Sekretaris aan die werknemer toegeken met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op die datum waarop genoemde tydperk verstryk: Met dien verstande dat sodanige salarisverhoging net toegeken kan word as die hoof van die kantoor 'n sertifikaat uitreik waarin verklaar word dat die werknemer se werkverrigting en gedrag met betrekking tot die in subregulasie (2) bedoelde eienskappe gedurende sodanige tydperk bevredigend was.

(b) Indien 'n salarisverhoging kragtens paragraaf (a) aan 'n werknemer toegeken is, word 'n verdere salarisverhoging deur die Sekretaris aan hom toegeken na verstryking van 'n salarisverhogingstydperk gereken vanaf die datum waarop sy salaris kragtens subregulasie (1) verhoog sou gewees het as sodanige verhoging nie kragtens die bepalings van subregulasie (2) weerhou was nie: Met dien verstande dat sodanige salarisverhoging net toegeken kan word as die hoof van die kantoor 'n sertifikaat uitreik waarin verklaar word dat die werknemer se werkverrigting en gedrag met betrekking tot die in subregulasie (2) bedoelde eienskappe steeds bevredigend was vanaf die datum van toekenning van die in paragraaf (a) bedoelde salarisverhoging tot die datum voor dié waarop 'n salarisverhoging kragtens hierdie paragraaf toegeken kan word: Met dien verstande voorts dat die bepalings van hierdie paragraaf nie op 'n werknemer van toepassing is nie as sy salaris reeds gelyk is aan die maksimum kerf van die toepaslike skaal.

(5) Indien 'n salarisverhoging kragtens paragraaf (a) van subregulasie (4) nie aan 'n werknemer toegeken word nie —

37. *Salary Increments.*

(1) Subject to the provisions of subregulation (2) the salary of an employee shall be increased by one salary increment within the limits of the scale applicable to him after completion of each incremental period and with effect from the first day of such employee's incremental month.

